

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 100 18 November 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Omgekeerde waardes

In 1932 word Aldous Huxley se boek "Brave New World" gepubliseer. Dit is 'n satire gerig op sosiale tendense wat Huxley raakgesien het. Hy het die boek as 'n wetenskapsfiksie aangebied. Die verhaal speel af in Londen in die jaar 2540 nC. In die boek word sekere temas aangespreek waaronder voortplantingstechnologie, sosiale rolverdelings en vorgeboortelike intelligensie bepaling, sielkundige manipulasie en kondisionering deur verskillende tegnieke. Hierdie boek word deur verskeie kenners gesien as een van die top 100 boeke van alle tye.

Huxley se vermoë om tendense te identifiseer en dan op satiriese wyse onder die vergrootglas te plaas, maak van hom 'n profetiese stem wat kan saampraat met George Orwell (1984) en die futuris Alvin Toffler. Die feit is egter dat die toekoms nie so reglynig is, of so direk teenoorgesteld is as wat mense projekteer nie. Tog kan hulle 'n tendens raaksien en uitwys.

Een voorbeeld van reg wees en tog so verkeerd, is die verskil tussen Huxley se voorstelling van toekomstige promiskuiteit en die werklikheid waarmee ons vandag moet worstel.

In die Londen van die toekoms is seksuele gedrag deel van die vermaak wat aan mense voorgeskryf word. Daar is steeds skande, maar die skande is om meer as drie keer per maand met dieselfde persoon geslagsgemeenskap te hê. Mense "begin praat" indien iemand nie gereeld aan seksuele eskapades en orgies deelneem nie. Die barbare in die reservaat (mense wat vandag se behoudende seksuele norme aanhang) word as barbaars en immoreel uitgekryt.

Ons het reeds ver "gevorder" op hierdie pad wat Huxley gesien het. Dit is in vandag se gemeenskapsdenke nie meer 'n skande om eers saam te woon en dalk selfs kinders te verwek voordat daar aan trou gedink word nie, indien trou enigsins op die kaarte is. Die NHKA se 71e AKV besluit om saamwoon paartjies toe te laat om saam te doop, met as ernstige versoek dat die paartjie sal dink aan trou, wys hoe ver die promiskuiteit in die tradisionele Afrikaner gemeenskap onkruidgewys ingegroei het.

Dit is so jammer dat die Evangelie so min vir soveel van ons stoere kinders beteken. Daar is 'n tweede immorele uitloopsel wat welig rank en baie meer kankeragtig vreet aan die morele fondasies van ons kultuur. Die benadering tot selfdegeslag verhoudings is

besig om vinniger te buig en tuimel as 'n akrobaat op die mat.

Skaars vyftien jaar gelede was die algemene konsensus in ons gemeenskappe dat man en vrou vir mekaar bedoel is. Dit was amper ongehoord dat mense in die openbaar vir ander van dieselfde geslag ogies gemaak het.

'n Goed georkestreerde internasionale propagandamasjien en leuens op steroïdes het met insinuasies rondom gene en ouerskuld gemaak dat standpuntinname nou nie net "verkeerd" is nie, maar verfoeilik. Die niksseggende woord "homofobie" het 'n hals-etiket geword wat almal vrees.

Die NHKA se besluit dat homoseksualiteit "normaal" is binne die spektrum van menslike seksualiteit, wys dat 'n bastion van die Voortrekkerkerk nie genoeg weerstand het teen die aanslae van die liberalisme nie. Die NGK algemene sinode se besluit in 2015 is met vreugde en jubelkore begroet. Diegene wat aanstoot geneem het, moes stilbly uit vrees dat hulle as "liefdeloos en homofobies" gebrandmerk sou word. Die honderde duisende teoloë en lidmate wat geskok was, moes katvoet deur die mynvelde van politieke korrekte taal beweeg.

Met die 2015 omkeer van die NGK 2015 besluit oor selfdegeslag verhoudings het die wurggreep van die liberalisme letsels gelaat wat net in donker hoekies gefluister word. Die besluit is deur diesulkes en hul dampgenote uitgekryt as haat verdoesels as liefde, die werklikheid dat daar in 2015 duidelike foute gemaak is, kon die tirades nie stil nie. 'n Dominee wat vir duisende lidmate van sy gemeente troos gebring het, is deur 'n 172-sterk groep onredelike vreeskeppers uitgedaag en ... verwerp. Huxley was tog reg, verkeerd is nou reg en reg word bepaal deur die liberalis se

willekeur. Gelukkig het die Bybel as God se openbaring nie verander nie. God het man en vrou bymekaar gevoeg.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

REGSKWESSIES

Om regs-kostes te besnoei, word u versoek om alle navrae rakende hofsake of regs-aangeleenthede aan dr. MA Botma (andre.botma@telkomsa.net) te rig. Indien dit nodig is, sal dr. Botma die sake met ons regsvertegenwoordigers bespreek.

Daar was 'n navraag oor die NGK se regsadvies dat jy nie regter oor jou eie besluit kan wees nie. Die konteks is wel anders, maar die advies betroubaar. Dit bring opnuut die BAKV na vore en die poging daar deur die NHKA om regter oor hul eie besluit 54/69 te speel. Lidmate word daaraan herinner dat sake rakende eiendomme eers afgehandel moet word alvorens hierdie tere saak weer aangevoer mag word.

GEMEENTENUUS

As Bondsgemeentes wil ons graag die onderlinge band wat ons met mekaar het koester en versterk. U word versoek om gemeentenuus, projekte, beroepe, lief en leed, verandering van kontakbesonderhede ensovoorts aan dr. Johan Otto by e-pos jotto1@absamail.co.za of drotto1.jo@gmail.com te stuur sodat dit in ons publikasies bekend gemaak kan word.

VERJAARDAGDINEE

- **Liewe Vriende en Mede-gelowiges,** Prof Hennie van der Westhuizen word 80!!! Sy verjaarsdagdinee is om die draai!
Datum: 25 November 2016
Plek: Premiermyn Hervormde Kerk (GPS: S25°40.672'; E28°32.188')

Drag: Formeel

Tyd: 18:00 vir 18:30

Verseker asseblief dat alle inbetalings voor Sondag 20 November gefinaliseer is.

Besonderhede vir inbetalings:

Bankbesonderhede HDV Premiermyn
Nedbank Premier Mine
1045 788 368
Takkode 162 050

Groete, Jaap Steenkamp

BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT

Die NHKA se 71e AKV se besluit om homoseksualiteit te "normaliseer" bly in die nuus. Daar is baie ampsdraers en lidmate wat ontken dat sodanige besluit geneem is. Aangeheg is die analise van die besluit soos aanvaar. U word versoek om die inligting so wyd moontlik te versprei. Predikante gaan waarskynlik alles in hulle vermoë doen om die inligting van hulle lidmate te weerhou en die media speel duidelik saam. In Brits het daar reeds 'n advertensie verskyn waar lidmate uitgenooi word om 'n steeds-Hervormer gemeente te stig.

HOSPITAALBESOEK 2017

Hospitaalbesoek : Klerksdorp
Ouderling Pieter Greyling het aangebied om G H G Lidmate wat in die Klerksdorp hospitale opgeneem word, te besoek. Baie dankie vir die mooi gebaar.

Kontak : P Greyling 083 430 1910

Mev A Greyling 083 557 0414

VAKANSIEKOMPETISIE: PREMIERMYN

Geluk aan die wenners van die drie groot vakansie pryse: Ella Joubert, Piet van Staden en Daan Duvenage..

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

